**Ek en die Vader is een (OP228)**

**Joh 10:22-42**

**17 Augustus 2025**

Laasweek het ons gekyk na die eerste gedeelte van Joh 10. Ons het geleer dat die Here Jesus beide die goeie Herder is, asook die deur waardeur die skape in die kraal moet ingaan. Ons weet Hy is die goeie Herder want Hy het deur die deur van die kraal in die kraal ingekom – dit beteken Hy het gekom soos wat verwag sou word uit Ou Testamentiese voorspellings, en toe Hy gekom het was Sy stem herkenbaar, want Hy het die Vader se woorde kom spreek. Siende dat Hy beide die goeie Herder en die deur vir die skape is, beteken dat Hy ware sekuriteit aan Sy skape bied. Hy lei Sy skape in en uit na groen weivelde, en in die proses gee Hy aan hulle ware lewe in oorvloed. Ons kan seker wees dat dit alles waarlik sal realiseer, want nie net het Hy alreeds die prys betaal om vir Sy skape die lewe te bewerk nie, Hy het dit boonop betaal terwyl Hy Sy skape deur en deur geken het. Verder was Hy in dit alles getrou aan die wil van Sy Vader. Die Here Jesus is ook nie net herder van Joodse skape nie, nee, Hy is besig om een kudde te vorm wat bestaan uit gelowiges uit die Jodedom asook uit die heidennasies.

Vandag kyk ons na die res van Joh 10. Lees Joh 10:22-23. Vers 22 sê die gebeure wat hier beskryf word het plaasgevind tydens die fees van die tempelwyding in Jerusalem. Hierdie fees is nie ingestel met al die ander feeste waarvan ons in die Ou Testament lees nie, hierdie fees dateer uit die periode tussen die Ou en die Nuwe Testament. In die jaar 167 vC het Antiogus Epifanes Jerusalem beset, en onder andere die tempel in Jerusalem ontwy deur ‘n heidense altaar daar te bou. ‘n Paar jaar later het die Jode egter weer beheer oorgeneem, en hulle het gevolglik weer die tempel opnuut gewy – en dit het aanleiding gegee tot die jaarlikse fees van die tempelwyding. Hierdie fees het in die maand Kislev plaasgevind, wat min of meer met ons Desember saamval, wat beteken dit is tydens die winter gevier. Verskeie kommentatore beskou die feit dat Johannes spesifiek noem die gebeure het in die winter plaasgevind as ‘n heenwysing na die kille ontvangs van die Here Jesus deur die Jode, soos wat die res van die hoofstuk beskryf.

Ek wil die gedeelte onder die volgende drie hoofde bespreek: (1) Die Jode se verkeerde reaksie op die Here Jesus se optrede, (2) Die korrekte reaksie op die Here Jesus se optrede, en (3) Die Godheid van die Here Jesus.

<u>Die Jode se verkeerde reaksie op die Here Jesus se optrede</u>

Lees Joh 10:24. As ons hier van die Jode lees, maak die konteks dit duidelik ons moet die Jode wat vyandig was teenoor die Here Jesus in gedagte hê. Hulle het die Here Jesus daarvan beskuldig dat Hy hulle in onsekerheid hou oor die feit of Hy werklik die Christus is of nie. Hulle dring aan dat Hy vir hulle reguit moet sê of Hy is of nie.

Lees Joh 10:25-26. Die Here Jesus se antwoord aan hulle was Hy het dit al vir hulle gesê. Nou, dit is so, dat ons nie êrens lees dat die Here Jesus dit in soveel woorde direk vir die Jode al gesê het nie – Hy het dit wel direk vir die Samaritaanse vrou gesê in Joh 4:26, maar nie direk vir die Jode nie. Die punt van die Here Jesus is egter dat Sy dade wat Hy in die Naam van Sy Vader gedoen het, het egter spesifiek hiervan getuig – en hierdie dade het Hy juis onder die Jode gedoen. As jy sou terugblaai in die Johannes-evangelie sal jy sien dat Johannes alreeds ses wonderdade van die Here Jesus beskryf het, en hierdie dade getuig juis van die Here Jesus dat Hy die Messias is. Dink maar net aan die genesing van die verlamde man by die bad van Betesda, wat daarvan getuig het dat die Here Jesus juis die volmag het om lewe te gee aan wie Hy wil. Of dink aan die vermeerdering van die brood

waarvan baie van die Jode geëet het – dit het juis daarvan getuig dat die Here Jesus die brood van die lewe is. Dink aan die genesing van die blindgebore man – dit het juis getuig van die feit dat die Here Jesus die lig vir die wêreld is. Hierdie dade se getuienis was: die Here Jesus is die Christus. Die probleem is nie dat daar 'n gebrek aan getuienis oor die Here Jesus was nie, die probleem is dat die Jode nie hierdie getuienis geglo het nie. Vers 26 beskryf die wortel van die probleem: die Jode glo nie die getuienis nie, want hulle is nie deel van die Here Jesus se skape nie.

Wat ons moet raaksien, is dat die Jode, en hulle is tipies van ongelowiges, geestelik blind is. Hulle sien fisies wat die Here Jesus doen, maar hulle verstaan nie. Hulle hoor fisies wat Hy leer, maar hulle begryp nie. Hulle het hulle eie idees oor hoe die Christus moet optree, en wanneer die Here Jesus se optrede nie strook met hulle idees nie, hou hulle hardkoppig aan hulle idees vas. Hulle gaan nie terug na die Here se openbarings in die Ou Testament nie. Nee, hulle oordeel hulle eie oordeel is reg.

In verse 27-30 bespreek die Here Jesus die reaksie van sy skape. Ek wil netnou hierna kyk. Maar let op dat die Here Jesus in vers 30 die punt bereik waar Hy sê Hy en God die Vader is een. Lees Joh 10:31. Dit ontstel die Jode geweldig – soveel so dat hulle klippe optel om die Here Jesus mee te stenig. Lees Joh 10:32-33. Die Here Jesus wil van die Jode weet oor watter goeie daad wat Hy gedoen het wil hulle Hom stenig. Hulle antwoord is dit is nie weens een van Sy goeie dade nie (let op, selfs hulle noem die dade van die Here Jesus goed), maar weens Sy godslastering, d.w.s. weens die feit dat Hy Homself God maak – immers het die Here Jesus gesê Hy en die Vader is een. Lees Joh 10:34-36. Hierdie is moeilike verse, en ek wil dit netnou in meer detail oordink. Maar neem intussen net kennis van die feit dat die Here Jesus redeneer daar is voorbeelde in die Skrif waar die Here self iemand wat nie self God is nie, as gode aanspreek. Die Skrif gebruik die term "gode" vir iemand wat nie God is nie. Daarom is dit nie noodwendig godslasterlik as Hy Homself as die Seun van God identifiseer nie - want die Skrif verwys na wesens as gode – ons sal later besin oor wie hierdie wesens is. Lees Joh 10:37-39. Weereens beroep die Here Jesus Hom daarop dat as hulle Hom nie wil glo in terme van wat Hy leer nie, moet hulle tog glo op grond van Sy dade, en dan moet hulle tog raaksien dat die Vader in Hom en Hy in die Vader is; m.a.w. Sy dade moet juis ook getuig dat Hy en die Vader een is. Om 'n blindgebore man te laat sien, getuig tog daarvan dat die Here Jesus dit net met die hulp van die Vader kon doen. Die Jode wou egter niks weet nie, nee, hulle het weer eerder probeer om Hom te arresteer.

Die tragiese van hierdie gebeure is dat die Jode nie net die dade van die Here Jesus nie verstaan het nie, hulle was selfs oortuig hulle weerstand teen die Here Jesus was ter verdediging van die eer van die Here. Hulle was oortuig die Here Jesus het godslasterlik gepraat, daarom tree hulle op - kwansuis sou hulle besorgd wees oor die eer van God. Hoewel dit voorbeeldig klink, getuig dit weereens van hulle gebrek aan insig en gebrek aan moeite om te probeer verstaan wat besig is om te gebeur: Wie is die Here Jesus dan as Hy nie die Christus is nie, maar tog derduisende kos gee en hulle versadig? Wie is die Here Jesus dan as hy nie die Christus is nie, maar wel 'n man wat 38 jaar verlam was, gesond maak? Wie is die Here Jesus dan as Hy nie die Christus is nie, maar tog 'n blindgebore man laat sien? As Hy dit nie in samewerking met die Vader gedoen het nie, hoe het Hy dit dan gedoen?

Nie net was die Jode blind en kon nie die betekenis van die Here Jesus se optrede verstaan nie. Hulle was ook arrogant en was oortuig hulle verstaan die Here se openbaring oor die komende Christus goed genoeg om te weet die Here Jesus pas nie. Hulle was ook oortuig hulle optrede was ter beskerming van die eer van die Here, maar hulle oortuiging was hol en leeg. Hulle het al die tekens gesien. Hulle het die Here Jesus se lering gehoor. En tog het hulle die bal heeltemal misgeslaan.

<u>Die korrekte reaksie op die Here Jesus se optrede</u>

Die Jode het die bal misgeslaan. Die vraag is nou: Hoe kan ons seker maak ons slaan nie ook die bal mis nie? Hoe behoort ons te reageer op die dade en die lering van die Here Jesus?

Lees Joh 10:27-30. Die probleem met die Jode was nie dat hulle nie die Here Jesus se lering gehoor het nie, ook nie dat hulle nie Sy dade gesien het nie. Die probleem was hulle het dit nie geglo nie (v25,26). Die ware skape van die Here Jesus hoor en sien dieselfde lering en wonderdade. Die verskil is: hulle luister na die stem van die Here Jesus. Onthou wat ons laasweek gesien het: hulle let op na hoe die ware Herder in die kraal inkom, en hulle luister of Sy stem herkenbaar is as die stem van die Vader. Hulle hou hulle ore oop. Hulle hou hulle oë oop. En dan span hulle hulle verstand in. Hulle dink aan wat die Here geopenbaar het oor die komende Christus. Hulle meet dit wat hulle sien en hoor aan die Here se openbaring. As dit pas, word hulle oortuig. As dit nie pas nie, dink hulle diep en lank en biddend – miskien is hulle verwagting verkeerd omdat hulle nie alles goed begryp nie. Hulle bly oop vir oortuiging. Hulle bid ernstig tot die Here om hulle te denke te vernuwe sodat hulle akkuraat kan begryp. Dit verg inspanning. Maar, ons kan seker wees, as ons werklik die Here Jesus se werk wil begryp, sal ons biddende oordenking daarvan nie vrugteloos wees nie. Die Here sal aan ons die onderskeidingsvermoë gee om dit goed te kan verstaan. Immers, is die Here Jesus die goeie Herder van Sy skape.

Lees Joh 10:40-42. Hier lees ons van die mense oorkant die Jordaan, wat vroeër blootgestel was aan die lering van Johannes die Doper. En die reaksie van hierdie mense is so anders as die van die Jode in Jerusalem. Hulle weeg  wat hulle hoor en sien, en hulle meet dit aan wat Johannes die Doper geleer het. En hulle antwoord is: dit klop! En, onthou, Johannes die Doper het wel reguit en ondubbelsinnig die Here Jesus uitgewys in Joh 1:29 "Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" En talle het daar in die Here Jesus begin glo – want hulle het wat hulle gesien en gehoor het, deeglik oordink en geweeg aan Johannes se lering, en toe dit klop, het hulle geglo.

Geliefdes, het jy al die getuienis van en oor die Here Jesus werklik in diepte oorweeg en bestudeer? Het jy dit al gemeet aan God se openbaring in byvoorbeeld die Ou Testament oor die Here Jesus? Is jy werklik oortuig Hy is die Christus? Die Here wil hê ons moet seker wees. Wees verseker: As ons ons inspan is daar meer as voldoende getuienis om oortuig te word.

<u>Die Godheid van die Here Jesus</u>

Ek wil nou die fokus ietwat verskuif. In hierdie gedeelte het die Here Jesus gewigtige stellings oor Homself gemaak – veral die feit dat Hy geredeneer het Hy en God die Vader is een, m.a.w. Hy het geredeneer dat Hyself ook God is, soos God die Vader. Ons het gesien dat die Jode ernstig kapsie gemaak het hierteen. En ons weet daar is vandag steeds baie is wat selfs erken dat die Here Jesus werklik geleef het en dat Hy werklik 'n mens was – maar dat Hy God is, is vir hulle ook te erg. Kom ons spandeer tyd om die stelling van die Here Jesus beter te verstaan.

Lees weer Joh 10:27-30. Die Here Jesus maak die stelling dat sy skape na Sy stem luister en dan volg hulle Hom. Hy leer ook dat Hy Sy skape ken, en Hy gee aan hulle die ewige lewe. Natuurlik is dit in lyn met wat ons laasweek gesien het – die goeie Herder gee aan Sy skape die lewe in oorvloed. Natuurlik is die logiese gevolg van die feit dat Hy aan Sy skape die ewige lewe gee, dat hulle dan in ewigheid nie verlore sal gaan nie – immers, as hulle wel op 'n stadium verlore sou kon gaan, sou dit beteken hulle het nie werklik die ewige lewe ontvang nie. Maar let nou op: aan die einde van vers 28 gee die Here Jesus die rede waarom hulle nooit verlore sal gaan nie: Want niemand sal hierdie skape uit Sy hand ruk nie – Hy hou die skape veilig in Sy hand. Hou dit nou vas.

Lees Joh 10:29. Hier lees ons dat hierdie skape, wat in die hand van die Here Jesus is, is in Sy hand omdat hulle deur die Vader aan Hom gegee is. Maar let nou op wat volg hierna: Niemand kan hulle

uit die hand van die Vader ruk nie, want die Vader is groter as almal. Sien jy die punt? Die skape sal in ewigheid nie verlore gaan nie, want enersyds is hulle in die hand van die Here Jesus (juis omdat die Vader hulle aan Hom gegee het), maar andersyds is hulle ook in die hand van God die Vader (en Hy is groter as almal). Die skape is dus in beide die Here Jesus se hand, asook in die hand van die Vader. Lees Joh 10:30. Die Here Jesus sê: Hy en die Vader is een. Wat beteken hierdie eenheid? Wel, ten minste beteken dit dat Hulle is funksioneel een, want hulle doen dieselfde ding: Beide hou die skape in Hulle hande vas. Hulle werk dus saam. Hulle het dieselfde doel – die beskerming van die skape. Die Here Jesus en die Vader is dus een.

Lees Joh 5:19. Hier lees ons ook van die eenheid tussen die Seun en die Vader. Hier lees ons dat die Seun niks uit Sy eie doen nie – nee, Hy doen net wat Hy sien die Vader doen. Dit blyk dus dat alles wat die Seun doen, is belyn met die Vader. Daar is geen optrede van die Seun wat nie inpas by wat Hy die Vader sien doen nie. Die stelling gaan verder: Wat ook al die Vader doen, die Seun doen dit netso. Ons begin die indruk kry dat die eenheid tussen die Seun en die Vader verder strek as net dat Beide die skape in Hulle hande hou. Alles wat die Seun doen, is belyn met die Vader. Alles wat die Vader doen, doen die Seun net so. Kyk byvoorbeeld na Joh 5:21. Beide die Vader en die Seun maak dooies lewend. Hulle is dus een.

Beteken dit daar is geen onderskeid tussen die Vader en die Seun nie? Is hulle eenheid meer as 'n funksionele eenheid? Is hulle as't ware een Persoon? Lees Joh 5:22. Hier lees ons van 'n verskil tussen die Vader en die Seun: Die Vader het die volle oordeel aan die Seun oorgegee – m.a.w. die Seun gaan oordeel, nie die Vader nie. Maar dit is die Vader wat die oordeel aan die Seun oorgegee het. Ons sou kon sê: Dit is die Vader wat oordeel deur die Seun. Steeds is hulle belyn, hulle het dieselfde doel: om te oordeel. Hulle is een. Maar hulle het verskillende rolle in dieselfde oordeel. Hulle is dus nie een Persoon nie – maar Hulle is een in doel.

Die onderskeid tussen die Seun en die Vader is tog duidelik in die Skrif. Dink aan Joh 1:1 "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God". Onthou, die Woord is die Seun. Die Woord was dus in die begin God, maar die Woord was ook in die begin by God. Daar is dus eenheid – die Seun was al in die begin God, en so ook die Vader. Maar daar was ook onderskeid – die Seun was by die Vader. Dink verder daaraan: dit was die Seun wat mens geword het en hier op aarde kom leef het, nie die Vader nie. Hulle was toe duidelik onderskeibaar. Joh 5:24 sê dit was juis die Vader wat die Seun gestuur het. In Joh 17 bid die Seun tot die Vader – weereens is hulle duidelik onderskeibaar van mekaar. Maar tog is daar eenheid: Hulle werk saam – dit is die Vader wat die Seun na die aarde gestuur het. Dit is die Seun wat tot die Vader bid, maar Hy bid in lyn met die Vader se wil. Ja, die Seun is die Woord, maar Hy is die Woord van die Vader – dit is Sy Vader se woorde wat Hy kom bekend maak.

Ons sien dus dat die Vader en Seun nie een Persoon is nie – hulle is onderskeibaar van mekaar. Ons sien egter ook 'n funksionele eenheid tussen die Vader en die Seun – Hulle werk saam die aarde te skep, Hulle werk saam om ewige lewe vir die skape te bewerk, Hulle werk saam om die skape te bewaar. Hulle vervul egter verskillende rolle om dit alles te bewerk.

Maar is die eenheid tussen die Vader en die Seun meer as net 'n funksionele eenheid? En dan moet ons sê: Ja. Ons het alreeds gesê die Seun was in die begin ook al God, soos God die Vader. Hulle eenheid is nie net beperk daartoe dat Hulle aan dieselfde plan werk na dieselfde einddoel nie, nee, hulle is ook een in wese. Hulle is beide God. Die ongelowige Thomas het in Joh 20:28 teenoor die Seun uitgeroep "My Here en My God" – hy het raakgesien die Seun is God, soos die Vader. In Eks 3:14 lees ons dat God vir Moses by die brandende doringbos gesê het Hy is "Ek Is Wie Ek is". In Joh 4:26 sê die Here Jesus vir die Samaritaanse vrou: "Ek Is, is die Een wat met jou praat". Dit is tog

duidelik, die Here Jesus is nie net een met die Vader omdat Hulle aan dieselfde sake werk nie, nee Hulle is ook een want Hulle is beide God.

Ek het nou net gefokus op die Vader en die Seun, maar ‘n mens sou ook so kon redeneer oor die Heilige Gees. Ek hoop dit is uit hierdie redenasie duidelik waar die leerstelling van die Drie-Eenheid vandaan kom. Ek glo hierdie redenasie is in lyn met wat ons in die NGB Art 8 bely waar daar staan: Ons glo in ‘n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader, en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat hulle nie met mekaar deel nie – en tog is hulle een Wese.

Die Jode het niks hiervan begryp nie. In hulle denke moes die Here Jesus se stelling dat Hy God is, beteken dat Hy God opponeer – Hulle kan tog nie beide God wees nie. Hulle was ook oortuig, heeltemal tereg, dat daar net een God is. Dus, volgens hulle, het die Here Jesus gelaster – Hy kan nie ook God wees nie.

Ek wil vervolgens kortliks aandag gee aan Joh 10:34-36. Lees dit. Nadat die Here Jesus in Joh 10:30 gesê het Hy en die Vader is een, het die Jode Hom van godslastering beskuldig. Hierop het die Here Jesus geantwoord dat daar ‘n voorbeeld in die Ou Testament is waar God self na iemand verwys het as “gode” (v34). Volgens v35 is hierdie “gode” iemand tot wie die woord van God gekom het. In vers 36 redeneer die Here Jesus dat as God dus na iemand verwys as ‘n “god”, dan moet dit tog ook ten minste in beginsel te kan beteken dat die Persoon wat die Vader geheilig het en na die wêreld gestuur het, nie net ‘n mens hoef te wees nie, daardie Persoon kan dan tog meer as ‘n mens wees – immers het God in die Ou Testament al die bestaan van “gode” erken. Siende dat die rol van hierdie Persoon so groot is dat Hy juis deur die Vader geheilig is, d.w.s. Hy is deur die Vader afgesonder juis vir die doel om na die wêreld te kom, dan is tog nie verregaande dat hierdie Persoon meer as ‘n mens is nie, Hy kan selfs meer as die gode wees, trouens, Hy kan selfs die Seun van God wees. En dan volg die Here Jesus dit op om hulle weereens aan te moedig om na Sy dade te gaan kyk – wat moet onderstreep Hy is voorwaar meer as net ‘n mens en selfs meer as net ‘n “god”. Daarom is dit nie noodwendig godslasterlik as die Here Jesus sê Hy is die Seun van God nie.

Die vraag is nou: Waar in die Ou testament het God na hierdie “gode” verwys. En al die kommentare is dit eens dit kom uit Ps 82:6. Lees dit. Natuurlik is die opvolgende vraag: Wat beteken Ps 82:6? Kom ons lees deur Ps 82. Let op die volgende: Uit vers 1 is dit duidelik dat God in die vergadering van die gode staan, en dan lewer Hy ‘n uitspraak teenoor die gode. In verse 2-4 bestraf God hierdie gode – hulle oordeel onregverdig en is partydig teenoor die goddeloses. God roep die gode op om op te hou hiermee, en om reg te laat geskied. Lees nou weer verse 6-7. God sê Hy het self gesê hierdie gode is gode en seuns van die Allerhoogste, maar hulle sal soos mense of enige leier sterf. In vers 8 sluit die psalm af met ‘n oproep dat God moet opstaan en oordeel – waarskynlik ook oor hierdie gode.

Die vraag is steeds: Wie is hierdie gode wat God self gode genoem het? Uit Joh 10 weet ons die gode is iemand tot wie die Woord van God gekom het, en uit Ps 82 is dit duidelik hierdie gode gaan geoordeel word en soos mense sterf. Don Carson skryf hieroor en sê daar is drie sienings oor wie hierdie gode is:

1. Die gode kan die leiers onder die volk wees wat as regters onder die volk moes optree – immers sê vers 3 hulle moet reg laat geskied. Dit kan strook met Joh 10 wat sê dit is tot hierdie gode wat die woord van God gekom het – die regters onder die volk moes tog God se woord goed verstaan het sodat hulle regverdig daarvolgens kon oordeel. Tasker ondersteun hierdie siening. Hy redeneer God het hierdie regters in Ps 82 gode genoem, want om reg te spreek, is ‘n Goddelike verantwoordelikheid. As dit die regte interpretasie is, dan is die

argument van die Here Jesus in Joh 10 as God self menslike regters onder die volk gode genoem het, wel, die Here Jesus wat deur die Vader geheilig is, is sekerlik hoër as hierdie menslike regters – immers weet ons die Vader het die reg aan Hom toevertrou om selfs oor hierdie gode-regters te oordeel. Daarom is dit nie onredelik as die Here Jesus na Homself verwys as die Seun van God nie – want Hy is sekerlik hoër as hierdie regters, wat gode genoem word. Ek moet sê, ek is nie persoonlik heeltemal oortuig nie. Ek het twee besware teen hierdie interpretasie: Eerstens was hierdie menslike regters nie werklik gode nie – hulle was steeds mense, en ek sukkel om te verstaan hoekom God hulle gode sou noem as hulle nie werklik gode was nie. Tweedens, Ps 82:7 sê hierdie gode gaan soos mense sterf. Weereens as die gode menslike regters was, verstaan ek nie wat dit sou beteken dat spesifiek gesê word sal soos mense sterf nie – dis tog logies: hulle is mense.

2. Die gode kan die lede van die volk wees. As Joh 10 sê die woord van God het tot hulle gekom, verwys dit na die volk byvoorbeeld by die berg Sinai waar hulle die wet ontvang het. Maar die volk het nie die reg in hulle midde gehandhaaf nie, en daarom kom die oordeel van die Here in Ps 82 oor hulle. In Ps 82:6 word hierdie gode seuns van die Allerhoogste genoem. Dit word in lyn gebring met Eks 4:22 waar die Here Israel Sy eersgebore seun noem. Die Here Jesus is natuurlik as Eniggebore Seun van God hoër as die volk Israel. As hierdie interpretasie korrek is, is die argument van die Here Jesus in Joh 10 as God lede van die volk gode noem, Hy is hoër as hulle, en daarom is dit nie onredelik as Hy na Homself verwys as die Seun van God nie. Don Carson is ten gunste van hierdie interpretasie. Weereens is ek nie werklik oortuig nie vir dieselfde redes as wat ek vroeër na verwys het: Weereens is die lede van die volk nie werklik gode nie, hulle is maar net mense. En weereens maak dit nie sin dat Ps 82:7 sê hulle sal soos mense sterf nie – hulle is immers niks anders as mense nie.
3. Die gode kan ook moontlik verwys na engele. Dink aan Ef 6:12 wat praat van die magte en bose geeste in die hemelruim. Jes 24:21 praat van die Here wat met die hemelliggame in die hemel gaan afreken. Daniël praat byvoorbeeld van worstelinge waarby die engel Migael betrokke raak (Dan 10:13, 20ev). Dink aan Job 1:6 waar die hemelwesens by die Here hulle plekke ingeneem het. Kidner in sy kommentaar op die Psalms is meer ten gunste van hierdie interpretasie. Ten minste is engele nie mense nie. Maar hulle gaan ook deur God geoordeel word, soos Ps 82 beskryf. Die bose engele gaan ook sterf soos mense deurdat hulle ook die tweede dood sal binnegaan (Mat 25:41, Op 20:10). En Heb 1 maak dit baie duidelik dat die Here Jesus verhewe is bo die engele. Die argument van die Here Jesus in Joh 10 is dus dat as God in Ps 82 die engele gode noem, Hyself is verhewe bo die engele – en daarom is dit nie onredelik as Hy na Homself verwys as die Seun van God nie. Ek persoonlik vind meer aanklank by hierdie interpretasie.

Ek hoop egter dit is duidelik dat hier redelik verdeeldheid is oor hoe hierdie gedeelte verstaan moet word. Ek wil daarom nie dogmaties hieroor wees nie. Ek stem egter saam met Don Carson as hy sê ons moet nie in die redenasie van die Here Jesus in Joh 10:34-36 sien dat hy vir die Jode wou bewys Hy is die Seun van God nie. Nee, Sy doel was eerder dat Hy te midde van die geharwar van die ontstelde Jode wat op die punt staan om Hom te kruisig, hulle tot stilstand wou ruk deur te sê God self het na gode verwys – gaan dink weer voor julle so vinnig die gevolgtrekking maak Ek kan nie die Seun van God wees nie.

<u>Afsluiting</u>

Geliefde in die Here, ek wil jou graag opnuut aanspoor om jou werklik te verdiep in die Persoon van die Here Jesus. Dink daaraan: Hy is God – al van die begin af. Hy is die Een deur wie God geskep het. Hy is God se Woord. Hy maak die Vader aan ons bekend. Dit is Hy wat mens geword het – as 'n

babatjie gebore in hierdie skepping wat God reeds in Gen 3 veroordeel het – sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie. Hy is die goeie Herder. Hy is die Christus. Hy hou Sy skape in Sy hand vas, saam met Sy Vader. Hy tree vir hulle in by die Vader. Hy sal aan hulle die lewe gee, die ewige lewe, die lewe in oorvloed. Hy is ons Here en Verlosser. Gaan verdiep jou in Sy werk en in Sy wese. Ken Hom. Glo in Hom.